No 18 - 2025] Second Session, Seventh Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 4 SEPTEMBER 2025

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:16] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

5. [14:17] The House discussed the following subject in the name of Hon G Bosman:

   Condemning the recent surge in shootings in the Western Cape and holding the South African Police Service and the Parole Board accountable for failing to protect citizens.

   Debate concluded.

6. [15:33] Interpellation.

7. [15:47] Questions.

8. [16:49] Statements by Members.

9. [17:10] Response to statements by Members by Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism.

10. [17:14] Motions with notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151 that all notices of motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:15] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with great sadness the brutal killing of 29-year-old Clare Swartz from Tafelsig whose body was found fatally stabbed and partially unclothed at the Wolfgat Nature Reserve; condemns this horrific act in the strongest terms; calls on law enforcement to bring those responsible to justice; and expresses deepest condolences to the family.

    Agreed to.

13. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with great sadness the untimely passing away of six-year-old Zachary Davids from Mitchells Plain who tragically lost his life after being struck by a truck while playing outside; and extends heartfelt condolences to his parents, family, friends and the broader Mitchells Plain community.

    Agreed to.

14. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with pride the achievement of Mr Roberto-Rui Agrela, a 33-year-old car salesman from Paarl, who has been crowned the 2025 Boerewors Champion, emerging victorious among more than 2 350 hopefuls in the 33rd Annual South African Championship Boerewors Competition; and congratulates Mr Agrela on this remarkable accomplishment, which not only showcases his talent and passion, but also brings great pride to the community of Paarl and the Western Cape as a whole.

    Agreed to.

15. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes and congratulates 14-year-old Ledario de Wee from Atlantis, who was crowned Mr Pageant South Africa Western Province 2025 at the inaugural Mr, Miss, and Mrs Pageants SA Western Cape; further notes that Ledario has made history as the first-ever winner of this prestigious title in our province, showcasing not only his talent and confidence, but also serving as an inspiration to other young people in the Western Cape to pursue their dreams with courage and determination; applauds his remarkable achievement; and wishes him continued success as he represents the Western Cape and South Africa in future endeavours.

    Agreed to.

16. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House expresses its deepest condolences after the tragic passing away of three-month-old baby Moegsien Isaacs who was fatally shot in Bonteheuwel; extends our sympathy to his parents, family and the Bonteheuwel community who mourn this heartbreaking loss; further condemns the senseless violence that continues to rob innocent lives; and calls for strengthened action to protect children and communities from gang-related crime.

    Agreed to.

17. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Aliyah Pillay on being selected a member of the African Genesis Archery World Cup Team for 2025; notes that the team will participate against other provinces during October; and wishes the Western Cape team all the best for their upcoming competition and for Aliyah's archery career.

    Agreed to.

18. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Brendyn Alloys on being awarded the Ron Herring Mission Services Award for his work at the Novalis Ubuntu Institute in Wynberg, particularly for his contribution to the development of young men; and recognises the positive impact that programmes such as these have in building resilience in communities and in strengthening South African society as a whole.

    Agreed to.

19. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates Zola Budd on receiving the Lifetime Achievement Award at the 18th Annual Sports Awards; further recognises all the nominees and winners from the Western Cape whose excellence they represent; and expresses gratitude for their invaluable contribution to sport, both on and off the field.

    Agreed to.

20. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House commends KNOX Hydrate for their contribution towards the successful achievement of the Marimba Jam World Record for the Largest Marimba Ensemble in the World, now officially recognised by the Guinness World Records; further acknowledges Mr Mervin Naidoo and his team at GrandWest for their outstanding support and logistical excellence in hosting this landmark cultural event, which brought together 1 177 participants in a powerful display of unity, creativity and South African cultural pride; recognises that this achievement not only showcases the vibrancy of our arts and culture sector, but also demonstrates the vital role that public–private partnerships play in enabling world-class events; and expresses appreciation to KNOX Hydrate, GrandWest and all partners involved for their dedication to uplifting communities, empowering youth and celebrating the diverse heritage of the Western Cape.

    Agreed to.

21. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates the Pinelands High School on the outstanding success of their recent production of *Legally Blonde: The Musical*; notes that the 60-member cast, supported by students, musicians and staff, delivered a performance full of energy, humour and precision, showcasing the depth of talent in the school community; acknowledges the dedication of Director Ms Tara Notcutt, Musical Director Mrs Eloise Jurgens and Choreographer Mrs Cleo Notcutt-Williams for bringing this vibrant production to life; and celebrates the production as a proud example of creativity and excellence in the Western Cape's schools.

    Agreed to.

22. Mr D W Bryant moved without notice: That the House expresses its deepest condolences after the passing away of Dr Donovan Kirkwood, curator of the Stellenbosch University Botanical Garden, who tragically lost his life during a conservation field trip in the Jonkershoek Nature Reserve on 26 August 2025; acknowledges his outstanding contribution to the protection and restoration of rare Cape flora, and his leadership in strengthening the garden's conservation collections and initiating the James and Shirley Sherwood Botanical Art Collection; pays tribute to his passion for education, innovation and public engagement in conservation; and extends heartfelt sympathies to his family, colleagues and the broader botanical community.

    Agreed to

23. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House expresses its heartfelt condolences following the sudden passing away of Alridge Mercuur (60) who tragically died of a heart attack shortly after his wife donated a kidney to him; acknowledges the courage and selflessness demonstrated in that act; and conveys sympathy to his family and the broader rugby community.

    Agreed to.

24. Ms B M Van Minnen moves without notice: That this House extends its deepest sympathy after the passing away of David Gordon, a respected Somerset West resident who died peacefully on 16 August 2025 after a long battle with dementia and Alzheimer's disease; commends his lifelong contributions as a civil engineer, entrepreneur and stalwart of local rugby administration, particularly in his roles as vice-president and coach of the Somerset Rugby Board; further recognises his efforts to preserve local heritage, including his introduction of the Cape Slave Heritage Project, to researchers at the Western Cape Archives; honours his legacy; and extends condolences to his beloved family and the Helderberg community.

    Agreed to.

25. Ms B M van Minnen moved without notice: That the House congratulates the 21 artists from the Western Cape named among the top 40 finalists for the 2025 Portrait Award; notes that the winners will be announced on 29 August 2025 at the Rust-en-Vrede Gallery in Durbanville, with exhibitions running until 29 October 2025; commends them for their outstanding contribution to South African portraiture; and calls on all Members of this House to support artists in their respective constituencies.

    Agreed to.

26. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates the Langa Community Advice Office and all stakeholders involved in hosting a successful Access to Justice Day, including ProBono.Org, Walkers Inc Attorneys, the University of the Western Cape Law Clinic, Legal Aid South Africa – Bellville Office, and McNab Properties; notes that this initiative provided vital legal support and empowerment to more than 50 community members, many of whom were elderly women and GBVF survivors facing significant barriers to justice; and further recognises this event as a powerful example of collaboration and commitment to ensuring that access to legal support is a right for all, regardless of financial status or location.

    Agreed to.

27. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House marks 40 years since the tragic death of Adri Aaron Faas, a bright and determined young man from Paarl, who was killed on 28 August 1985 at just 18 years old during apartheid unrest; notes that Adri was born on 6 November 1966, the eldest of four children to Aunty Spasie and Uncle Alec Faas, and was known in his Lantana Street community as a sharp-minded and principled young man who excelled both academically and athletically; further notes that Adri attended the Nederburg Primary School and the Paulus Joubert High School where he stood out as a cross-country runner and trained under the late tennis pioneer David Samaai, before enrolling at the University of the Western Cape with dreams of becoming a lawyer; acknowledges that on the night of 28 August 1985, Adri was fatally shot in the head by a senior police officer while walking near protests in Paarl East; remembers that, despite state efforts to suppress his funeral, thousands gathered in defiance to honour Adri's life, and that his story remains a painful reminder of the many young lives lost in the struggle against

racial oppression; extends its deepest respects to the Faas family, the Paulus Joubert High School community, who named the school hall in his honour, and all who continue to mourn Adri's loss; and honours his memory as part of our shared commitment to truth, justice and reconciliation.

Agreed to.

28. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates the women officers and administrative staff of the Manenberg Police Station for their impactful community initiative held during Women's Month, which highlighted the essential role that women play in modern policing; recognises that these women showcased a progressive model of law enforcement, combining firm authority with deep compassion and restorative engagement; acknowledges the critical, often unseen, contributions of the administrative staff whose dedicated work behind the scenes is fundamental to the operation of the station; and commends this initiative as a proud example of the leadership, resilience and the nurturing spirit that women bring to all levels of public service, not only in advancing community safety but also in reshaping the future of policing in the Western Cape for the better.

Agreed to.

29. Mr N P Masipa moved without notice: That the House conveys its deepest condolences after the passing away of Nomalungelo "Mam'Mambona" Theodora Nkanyuza, a pioneer of community development and a true servant of the people; notes her lifelong dedication to uplifting the vulnerable, including founding the Ikhaya Labantu Old-age Home in Langa, and later expanding her work to early childhood education through Eyabantu Educare; acknowledges her exceptional achievements, including earning a Diploma in Social Services through UCT's RPL programme and representing South Africa on international platforms, while never turning her back on her community; further recognises her role in creating structures, such as the Langa Elderly Person's Forum and the Langa ECD Forum, as well as her commitment to dignity and care for the elderly, the frail and displaced persons; pays tribute to her extraordinary life of service, resilience and compassion; and extends heartfelt sympathies to her family, friends and the Langa community she so faithfully served.

Agreed to.

30. Mr G Brinkhuis moved without notice: That the House recognises Dr Aayesha Soni from Cape Town as South Africa's First Female Epileptologist; further recognise that she, an adult neurologist, has returned to Cape Town after a year-long clinical fellowship in epileptology in Canada; notes that she is currently one of only two internationally trained adult epileptologists practicing in South Africa and the only neurologist in the country with formal training in stereo-electroencephalography – a specialised technique used to pinpoint the source of seizures in patients with complex epilepsy; further notes that she is a volunteer with Gift of the Givers and contributed towards many of its relief efforts; recognises that her return represents an important moment for epilepsy care in South Africa; and congratulates her on her achievements.

Agreed to.

31. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with deep concern the surge in violent crime in the small towns of the Witzenberg Municipality, including the brutal assault of a two-year-old child in Wolseley, who remains in hospital after being attacked by his father, and the tragic killing of a young woman in Prince Alfred Hamlet at the hands of her boyfriend; notes that these horrific incidents underscore the growing vulnerability of

women and children in rural communities, where limited policing resources, inadequate social support and weak safety mechanisms leave residents exposed to cycles of violence and abuse; condemns the DA-led provincial government for its persistent failure to protect women and children in rural areas; notes that, despite repeated calls for stronger rural safety interventions, victims remain at the mercy of abusers while the provincial government hides behind rhetoric; notes that the reality is that the Western Cape has become the epicentre of violence against women and children, and the DA government has failed to act decisively; therefore calls on the provincial government to intensify interventions in Witzenberg and other rural municipalities, to introduce dedicated rural safety plans, to expand and strengthen victim support services, and to take urgent steps to ensure that perpetrators of gender-based violence and child abuse are brought swiftly and firmly to justice.

Agreed to.

32. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with appreciation that Friday 5 September 2025 marks Casual Day, South Africa's annual national awareness and fundraising campaign in support of people living with disabilities; further notes that this year's theme, "Beyond the label: Embracing unity through inclusivity and diversity", calls on society to break down stereotypes, to see beyond prejudice and to affirm the dignity and humanity of every individual; commends the tireless efforts of organisations that champion the rights and interests of people living with disabilities, that continue to mobilise society and raise much-needed resources in the face of systemic neglect; and calls on the provincial government to prioritise disability rights with concrete action, including comprehensive accessibility plans, increased funding for inclusive services and stronger protections against discrimination.

Agreed to.

33. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes and welcomes the R50 000 reward offered by the South African Police Service for any information leading to the arrest and conviction of those responsible for the tragic murder of Myolisi Magibisela, the ANC's Khayelitsha convener and SANCO activist, who was fatally shot at his home in Makhaza, Khayelitsha, on 23 June 2025; notes that this initiative underscores the commitment of law enforcement to bring justice to the victim and his family; further commends the leadership of the ANC in the Dullah Omar region, particularly Chairperson Ndithini Tyhido, for their unequivocal support of the police's efforts; notes that the ANC's stance reflects a collective responsibility to uphold the rule of law and to ensure that perpetrators of violence are held accountable; calls on all members of the community, irrespective of political affiliation, to come forward with any information that may assist in the investigation; also urges the provincial government to continue its support for law enforcement agencies in their pursuit of justice for Myolisi Magibisela and to strengthen measures that protect activists and community leaders who work tirelessly to improve the lives of others.

Agreed to.

34. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with appreciation the recent success of the South African Police Service during Operation Shanela in Khayelitsha, Cape Town, where police officers working to combat crime in Makhaza encountered an armed threat while conducting vehicle checks in the area; notes that the incident occurred opposite the Japhta K Masemola taxi rank when a Toyota LDV was stopped after the driver attempted to evade the police; notes that the police successfully intercepted the vehicle, seizing an AK-

47 rifle, a 9 mm firearm and ammunition; notes that two suspects, both aged 37, were arrested and are set to appear in the Khayelitsha Magistrate's Court; commends the courage and professionalism of the officers involved in ensuring the safety of the community, effectively removing dangerous weapons and preventing potential violence; and calls on law enforcement to continue such proactive operations to protect residents and to reduce crime in Khayelitsha.

Agreed to.

35. The House adjourned at 17:50.

RBegg

Digitally signed by Ressida Begg
Date: 2025.09.10 20:40:40 +02'00'

Ressida K Begg
Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

DONDERDAG, 28 AUGUSTUS 2025

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Adjunkspeaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:16] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:17] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb G Bosman:

   Die veroordeling van die onlangse skerp styging in skietvoorvalle in die Wes-Kaap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Paroolraad wat verantwoordbaar gehou moet word omdat hulle nie daarin slaag om inwoners te beskerm nie.

   Debat afgesluit.

6. [15:33] Interpellasie.

7. [15:47] Vrae.

8. [16:49] Verklarings deur Lede.

9. [17:10] Reaksie op verklarings deur Lede deur dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toreisme.

10. [17:14] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:15] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die wrede moord op die 29-jarige Clare Swartz van Tafelsig wie se lyk met steekwonde en halfgeklee by die Wolfgat-natuurreservaat gevind is; hierdie afgryslike daad ten sterkste veroordeel; ’n beroep doen op wetstoepassing om diegene wat verantwoordelik is, aan die pen te laat ry; en innige meegevoel betuig met die familie.

Goedgekeur.

13. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die ontydige dood van die sesjarige Zachary Davids van Mitchells Plain wat op ’n tragiese manier gesterf het toe ’n vragmotor hom omgery het terwyl hy buite gespeel het; en innige meegevoel betuig met sy ouers, familie, vriende en die groter Mitchells Plain-gemeenskap.

Goedgekeur.

14. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem van die prestasie van mnr Roberto-Rui Agrela, ’n 33-jarige motorverkoopsman van die Paarl, wat as die Boereworskampioen 2025 gekroon is, en uit meer as 2 350 deelnemers aan die 33ste Jaarlikse Suid-Afrikaanse Kampioenskapsboereworskompetisie as die wenner weggestap het; en mnr Agrela gelukwens met sy merkwaardige prestasie, wat nie net sy talent en passie wys nie, maar ook die Paarl-gemeenskap en die Wes-Kaap in geheel baie trots maak.

Goedgekeur.

15. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die 14-jarige Ledario de Wee van Atlantis gelukwens, wat as Mnr Skouspel Westelike Provinsie Suid-Afrika 2025 by die eerste Mnr, Me en Mev Skouspel Wes-Kaap Suid-Afrika gekroon is; verder kennis neem dat Ledario geskiedenis gemaak het as die eerste wenner ooit van hierdie hoogaangeskrewe titel in ons provinsie is, wat nie net sy talent en selfvertroue wys nie, maar ook as inspirasie dien vir ander jongmense in die Wes-Kaap om hul drome met moed en vasberadenheid na te jaag; sy merkwaardige prestasie loof; en hom voortgesette sukses toewens met sy verteenwoordiging van die Wes-Kaap en Suid-Afrika by geleenthede in die toekoms.

Goedgekeur.

16. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige meegevoel uitspreek ná die tragiese dood van die drie maande oue baba Moegsien Isaacs wat in Bonteheuwel doodgeskiet is; innige meegevoel betuig met sy ouers, familie en die Bonteheuwel-gemeenskap wat oor hierdie hartverskeurende verlies treur; verder die sinnelose geweld veroordeel wat voortgaan om onskuldige lewens te eis; en ’n beroep doen op versterkte optrede om kinders en gemeenskappe teen bendeverwante geweld te beskerm.

Goedgekeur.

17. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Aliyah Pillay gelukwens nadat sy as ’n lid van die African Genesis-boogskietwêreldbekerspan vir 2025 gekies is; kennis neem dat die span in Oktober teen ander provinsies sal meeding; en die Wes-Kaapse span alles van die beste toewens vir hul komende kompetisie en vir Aliyah se boogskietloopbaan.

Goedgekeur.

18. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Brendyn Alloys gelukwens nadat hy die Ron Herring-sendingsdienstoekenning ontvang het vir sy werk by die Novalis Ubuntu-instituut in Wynberg, veral vir sy bydrae tot die ontwikkeling van jong mans; en erkenning gee aan die positiewe impak wat programme soos hierdie het om veerkragtigheid in gemeenskappe te bou en om Suid-Afrika in geheel te versterk.

Goedgekeur.

19. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Zola Budd gelukwens nadat sy die Lewensbydrae-toekenning by die 18de Jaarlikse Sporttoekennings ontvang het; verder erkenning gee aan al die benoemdes en wenners van die Wes-Kaap wie se uitnemendheid hierdeur erken word; en dankbaarheid uitspreek vir hul uiters waardevolle bydrae tot sport, beide op die veld en van die veld af.

Goedgekeur.

20. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis KNOX Hydrate aanprys vir hul bydrae tot die suksesvolle prestasie van die Marimba Jam-wêreldrekord vir die Grootste Marimbagroep ter Wêreld, wat nou amptelik deur die Guinness-wêreldrekord erken word; verder erkenning gee aan mnr Mervin Naidoo en sy span by GrandWest vir hul ongelooflike ondersteuning en logistieke uitnemendheid om hierdie kulturele geleentheid te hou, wat ’n mylpaal is en 1 177 deelnemers byeengebring het vir ’n kragtige vertoning van eenheid, kreatiwiteit en Suid-Afrikaanse kulturele trots; erkenning gee dat hierdie prestasie nie net die lewendigheid van ons kuns-en-kultuursektor ten toon stel nie, maar ook die noodsaaklike rol demonstreer wat openbare-privaat-vennootskappe speel om wêreldklasgeleenthede moontlik te maak; en waardering uitspreek teenoor KNOX Hydrate, GrandWest en alle betrokke vennote vir hul verbintenis tot die opheffing van gemeenskappe, die bemagtiging van die jeug en die viering van die uiteenlopende erfenis van die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

21. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Hoërskool Pinelands gelukwens met die uitmuntende sukses van hul onlangse produksie *Legally Blonde: The Musical*; kennis neem dat die rolverdeling met 60 lede, wat deur leerders, musikante en personeel ondersteun is, ’n optrede propvol energie, humor en noukeurigheid gelewer het, wat die omvang van die talent in die skoolgemeenskap ten toon stel; erkenning gee aan die toewyding van die regisseur me Tara Notcutt, musiekregisseur me Eloise Jurgens en choreograaf me Cleo Notcutt-Williams omdat hulle hierdie lewendige produksie geskep het; en die produksie vier as ’n trotse voorbeeld van kreatiwiteit en uitnemendheid in Wes-Kaapse skole.

Goedgekeur.

22. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die dood van dr Donovan Kirkwood, kurator van die Universiteit Stellenbosch se Botaniese Tuin, wat op 26 Augustus 2025 gedurende ’n bewaringsveldwerktoer by die Jonkershoek-natuurreservaat op ’n tragiese wyse gesterf het; erkenning gee aan sy merkwaardige bydrae tot die beskerming en herstel van seldsame Kaapse plantegroei, en sy leierskap met die verbetering van die tuin se bewaringsversamelings en die bekendstelling van die James en Shirley Sherwood-botaniesekunsversameling; hulde bring aan sy passie vir onderwys, innovering en openbare skakeling in bewaring; en innige meegevoel betuig met sy familie, kollegas en die groter botaniese gemeenskap.

Goedgekeur.

23. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die skielike dood van Alridge Mercuur (60) wat tragies aan ’n hartaanval gesterf het kort nadat sy vrou ’n nier aan hom geskenk het; erkenning gee aan die moed en onbaatsugtigheid van daardie daad; en meegevoel betuig met sy familie en die groter rugbygemeenskap.

Goedgekeur.

24. Me B M Van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy diepe meegevoel betuig ná die dood van David Gordon, ’n gerespekteerde Somerset-Wes-inwoner wat op 16 Augustus 2025 vreedsaam gesterf het ná ’n lang stryd met demensie en Alzheimer se siekte; sy lewenslange bydrae as ’n siviele ingenieur, entrepreneur en staatmaker van plaaslike rugbyadministrasie aanprys, veral met sy rol as ondervoorsitter en afrigter van die Somerset-rugbyraad; verder erkenning gee aan sy pogings om plaaslike erfenis te bewaar, insluitende sy bekendstelling van die Kaapse Slaaferfenisprojek, aan navorsers by die Wes-Kaapse Argief; sy nalatenskap vereer; en meegevoel betuig met sy geliefde familie en die Helderberg-gemeenskap.

Goedgekeur.

25. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 21 kunstenaars van die Wes-Kaap gelukwens wat as deel van die 40 topfinaliste van die Portrettoekennings 2025 benoem is; kennis neem dat die wenners op 29 Augustus 2025 by die Rust-en-Vrede-galery in Durbanville aangekondig sal word, en uitstallings sal tot 29 Oktober 2025 te siene wees; hulle aanprys vir hul merkwaardige bydrae tot die Suid-Afrikaanse portretkuns; en ’n beroep doen op alle Lede van hierdie Huis om kunstenaars in hul onderskeie kiesafdelings te ondersteun.

Goedgekeur.

26. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Langa-gemeenskapsadvieskantoor en alle betrokke belanghebbendes gelukwens met die suksesvolle aanbieding van ’n Dag vir Toegang tot Geregtigheid, insluitende ProBono.Org, Walkers Inc-prokureurs, die Regskliniek van die Universiteit van Wes-Kaapland, Regshulp Suid-Afrika – Bellville-kantoor, en McNab-eiendomme; kennis neem dat hierdie inisiatief noodsaaklike regsondersteuning en bemagtiging aan meer as 50 gemeenskapslede verskaf het, waarvan baie bejaarde vroue en slagoffers van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord was, wat beduidende struikelblokke tot geregtigheid die hoof moet bied; en verder erkenning gee aan hierdie geleentheid as ’n kragtige voorbeeld van samewerking en toewyding om toe te sien dat toegang tot regshulp vir almal ’n reg is, ongeag finansiële status of ligging.

Goedgekeur.

27. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis 40 jaar herdenk sedert die tragiese dood van Adri Aaron Faas, ’n slim en vasberade jong man van die Paarl, wat op 18-jarige ouderdom op 28 Augustus 1985 gedurende die apartheidsonluste vermoor is; kennis neem dat Adri op 6 November 1966 gebore is, en die oudste van vier kinders van tannie Spasie en oom Alec Faas was, en in sy Lantanastraat-gemeenskap as ’n skerpsinnige en beginselvaste jong man bekend was wat op akademiese sowel as atletiekvlak uitgeblink het; verder kennis neem dat Adri die Laerskool Nederburg en die Hoërskool Paulus Joubert bygewoon het waar hy as ’n landloopatleet uitgeblink het en deur die ontslape tennispionier

David Samaai afgerig is, voordat hy by die Universiteit van Wes-Kaapland ingeskryf het met die droom om ’n prokureur te word; erkenning gee dat Adri op die aand van 28 Augustus 1985 deur ’n senior polisiebeampte in die kop doodgeskiet is terwyl hy naby betogings in Paarl-Oos gestap het; onthou dat, ten spyte van die regering se pogings om sy begrafnis te onderdruk, duisende mense uit protes saamgetrek het om Adri se lewe te vereer, en dat sy verhaal steeds ’n pynlike herinnering is aan die talle jong lewens wat in die stryd teen rasseonderdrukking verloor is; innige meegevoel betuig met die Faas-familie, die gemeenskap van die Hoërskool Paulus Joubert, wat die skoolsaal ter nagedagtenis na hom vernoem het, en almal wat steeds oor Adri se dood treur; en sy nalatenskap vereer as deel van ons gedeelde verbintenis tot die waarheid, geregtigheid en versoening.

Goedgekeur.

28. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vrouebeamptes en administrasiepersoneel van die Manenberg-polisiestasie gelukwens met hul impakvolle gemeenskapsinisiatief wat in Vrouemaand gehou is, wat die noodsaaklike rol van vroue in moderne polisiëring beklemtoon het; erkenning gee dat hierdie vroue ’n progressiewe wetstoepassingsmodel te toon gestel het, en ferm gesag met innige medelye en herstellende skakeling gekombineer het; erkenning gee aan die kritieke, dikwels ongesiene, bydrae van die administrasiepersoneel wie se toegewyde werk agter die skerms noodsaaklik is vir die bedrywighede van die stasie; en hierdie inisiatief aanprys as ’n trotse voorbeeld van die leierskap, veerkragtigheid en vertroetelende gees wat vroue op alle vlakke van die staatsdiens verskaf, nie net om gemeenskapsveiligheid te bevorder nie, maar ook om die toekoms van polisiëring in die Wes-Kaap ten goede te hervorm.

Goedgekeur.

29. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die dood van Nomalungelo “Mam’Mambona” Theodora Nkanyuza, ’n baanbreker vir gemeenskapsontwikkeling en ’n ware dienaar van die mense; kennis neem van haar lewenslange verbintenis tot die opheffing van die kwesbares, insluitende die stigting van die Ikhaya Labantu-tehuis vir bejaardes in Langa, en die latere uitbreiding van haar werk na vroeë kinderontwikkeling deur middel van Eyabantu Educare; erkenning gee aan haar uitnemende prestasies, insluitende die verwerwing van ’n Diploma in Maatskaplike Diens deur middel van die Universiteit van Kaapstad se program vir die erkenning van vorige leer en die verteenwoordiging van Suid-Afrika op internasionale platforms, terwyl sy nooit haar rug op haar gemeenskap gedraai het; verder erkenning gee aan haar rol om strukture, soos die Langa-forum vir Ouer Persone en die Langa-forum vir Vroeë Kinderontwikkeling, te skep, sowel as haar toewyding tot waardigheid en versorging van bejaardes, verswaktes en ontworteldes; hulde bring aan haar besonderse lewe van diens, veerkragtigheid en medelye; en innige meegevoel betuig met haar familie, vriende en die Langa-gemeenskap wat sy so getrou gedien het.

Goedgekeur.

30. Mnr G Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan dr Aayesha Soni van Kaapstad as Suid-Afrika se eerste vroulike epileptoloog; verder erkenning gee dat sy, ’n neuroloog vir volwassenes, na Kaapstad teruggekeer het ná ’n jaar lange kliniese fellowship in epileptologie in Kanada; kennis neem dat sy tans een van net twee epileptoloë vir volwassenes is wat internasionaal opgelei is en in Suid-Afrika praktiseer, en die enigste neuroloog in die land is met amptelike opleiding in stereo-elektro-enkefalografie – ’n

gespesialiseerde tegniek wat gebruik word om die bron van stuiptrekkings in pasiënte met komplekse epilepsie te bepaal; verder kennis neem dat sy 'n vrywilliger vir Gift of the Givers is en tot verskeie van sy hulppogings bygedra het; erkenning gee dat haar terugkeer 'n belangrike oomblik vir epilepsieversorging in Suid-Afrika verteenwoordig; en haar gelukwens met haar prestasies.

Goedgekeur.

31. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die skerp styging in geweldsmisdaad in die dorpies in die Witzenberg-munisipaliteit, insluitende die wrede aanranding van 'n tweejarige kind in Wolseley, wat steeds in die hospitaal is nadat sy pa hom aangeval het, en die tragiese moord op 'n jong vrou deur haar kêrel in Prince Alfred Hamlet; kennis neem dat hierdie afgryslike voorvalle die toenemende weerloosheid van vroue en kinders in plattelandse gemeenskappe beklemtoon, waar beperkte polisiëringshulpbronne, onvoldoende maatskaplike ondersteuning en swak veiligheidsmeganisme inwoners blootstel aan siklusse van geweld en mishandeling; die DA-beheerde provinsiale regering veroordeel vir sy volgehoue versuim om vroue en kinders in plattelandse gebiede te beskerm; kennis neem dat, ten spyte van herhaalde beroepe om sterker ingrypings vir veiligheid in die platteland, slagoffers steeds aan die genade van mishandelaars oorgelaat word terwyl die provinsiale regering agter retoriek skuil; kennis neem dat die Wes-Kaap in werklikheid die brandpunt van geweld teen vroue en kinders geword het, en dat die DA-regering versuim het om beslissend op te tree; dus 'n beroep doen op die provinsiale regering om ingrypings in Witzenberg en ander plattelandse munisipaliteite te verskerp, om toegewyde veiligheidsplanne vir die platteland bekend te stel, om ondersteuningsdienste vir slagoffers te versterk, en om dringende stappe te doen om toe te sien dat oortreders van geslagsgebaseerde geweld en kindermishandeling vinnig en beslissend aan die pen ry.

Goedgekeur.

32. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met waardering kennis neem dat Vrydag 5 September 2025 Loslitdag is, Suid-Afrika se jaarlikse bewusmakings- en fondsinsamelingsveldtog ter ondersteuning van mense met gestremdhede; verder kennis neem dat vanjaar se tema, "Verby die etiket: Die aanvaarding van eenheid deur middel van inklusiwiteit en diversiteit" ("Beyond the label: Embracing unity through inclusivity and diversity"), 'n beroep doen op die samelewing om stereotipes af te breek, om verby vooroordeel te kyk en om die waardigheid en menslikheid van elke individu te bevestig; die onvermoeide pogings van organisasies aanprys wat kampvegters vir die regte en belange van mense met gestremdhede is, en voortgaan om die samelewing te mobiliseer en om broodnodige hulpbronne in te samel te midde van sistemiese verwaarlosing; en 'n beroep doen op die provinsiale regering om gestremdheidsregte met konkrete optrede te prioritiseer, insluitende omvattende toeganklikheidsplanne, meer befondsing vir inklusiewe dienste en sterker beskerming teen diskriminasie.

Goedgekeur.

33. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die R50 000-beloning verwelkom wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens uitloof vir enige inligting wat lei tot die inhegtenisneming en skuldigbevinding van diegene wat verantwoordelik is vir die tragiese moord op Myolisi Magibisela, die ANC se Khayelitsha-sameroeper en SANCO-aktivis, wat op 23 Junie 2025 by sy huis in Makhaza, Khayelitsha, doodgeskiet is; kennis neem dat hierdie inisiatief die toewyding van wetstoepassing

beklemtoon om geregtigheid vir die slagoffer en sy familie te verseker; verder die leierskap van die ANC in die Dullah Omar-streek, veral voorsitter Ndithini Tyhido, aanprys vir hul onomwonde steun vir die polisie se pogings; kennis neem dat die ANC se standpunt ’n gesamentlike verantwoordelikheid weerspieël om die oppergesag van die reg te handhaaf en om toe te sien dat geweldsmisdadigers verantwoordbaar gehou word; ’n beroep doen alle lede van die gemeenskap, ongeag politieke verband, om na vore te tree met enige inligting wat met die ondersoek kan help; ook die provinsiale regering aanspoor om sy steun aan wetstoepassingsagentskappe voort te sit in hul strewe na geregtigheid vir Myolisi Magibisela en om maatreëls te versterk wat aktiviste en gemeenskapsleiers beskerm wat onvermoeid werk om ander se lewens te verbeter.

Goedgekeur.

34. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met waardering kennis neem van die onlangse sukses van die Suid-Afrikaanse Polisiediens gedurende Operasie Shanela in Khayelitsha, Kaapstad, waar polisiebeamptes wat misdaad in Makhaza bekamp, ’n gewapende bedreiging teëgekom het terwyl hulle voertuie in die gebied deursoek het; kennis neem dat die voorval oorkant die Japhta K Masemola-taxistaanplek plaasgevind het toe ’n Toyota LDV gestop is nadat die bestuurder probeer het om die polisie te ontduik; kennis neem dat die polisie die voertuig suksesvol voorgekeer het, en beslag gelê het op ’n AK-47-aanvalsgeweer, ’n 9 mm-vuurwapen en ammunisie; kennis neem dat twee verdagtes, albei 37 jaar oud, in hegtenis geneem is en in die Khayelitsha-landdroshof sal verskyn; die moed en professionaliteit aanprys van die betrokke beamptes om die gemeenskap se veiligheid te verseker, gevaarlike wapens te verwyder en moontlike geweld te voorkom; en ’n beroep doen op wetstoepassing om voort te gaan met sulke proaktiewe operasies om inwoners te beskerm en om misdaad in Khayelitsha te verminder.

Goedgekeur.

35. Die Huis verdaag om 17:50.

Ressida K Begg
Sekretaris van die Provinsiale Parlement